**_ELJADA HUIS MSW_**

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

22 Mei 2014

Dagsê Almal

Ons staan in stil verwondering voor Hom wat soveel genade en seeninge skenk.

Ek herhaal graag weer my

**_NOODKREET_**

**_GROENTEVERWERKINGPROJEK_**

***Met afsluiting van die eerste fase het ons slegs 162 sms'e ontvang en ek wil graag 'n dringende beroep doen op u om ons asseblief te ondersteun sodat ons die 500 merk kan bereik. Helpende Hand het ons 'n bietjie meer tyd gegun om ons doelwit te bereik. Alleenlik as ons 500 sms'e ontvang het sal ons die R45 000 van hulle ontvang om die projek van die grond af te kry. Elke sms bring vir ons R60 in en as ons 500 het kry ons 'n bonus om dan die R45 000 te regverdig. Die sms'e verseker Helpende Hand dat ons die nodige ondersteuning het vir hierdie projek. Ons kan ook in aanmerking kom vir die Projek van die Jaar 2014 prysgeld naamlik R150 000(1ste), R100 000(2de) en R50 000 (3de). Sonder u kan ek dit nie doen nie. Elke sms kos slegs R2 maar slegs een per nommer word toegelaat. Vra asb al u vriende en familie om ons te ondersteun.***

***Met die R45 000 gaan ons die verwerkings masjiene aankoop asook die ander toerusting wat ons nodig het om die groente te verwerk. Langtermyn gaan julle almal baat vind daarby want die groente sal dan verkoop word om die werklose dames en mans 'n klein inkomste te gee. Bestellings kan by my geplaas word en verspreiding sal met die persoon gereel word wat as koordineerder gaan optree sodra ons gereed is.***

***SMS dus asseblief dadelik "PROJEK ELJADA" na 34388***

**.**

***Ek sal teen volgende week 'n idée hê waar ons staan. Ek glo en vertrou dat ons beslis die 500 merk gaan oorskrei.***

***Baie dankie by voorbaat***

Ek wil ook graag weer 'n beroep doen vir 'n maandelikse klein bedraggie sodat ons die basiese uitgawes soos water en ligte, salarisse, versekering, brandstof, telefoon kan betaal. Die teels wat ek nou nodig het vir die buitestoep gaan ongeveer R1500 kos indien u dalk daarmee wil help. Ons gaan binne die volgende week die debietorder betalings stelsel in plek hê. Meer inligting volgende week.

Vandag staan ons reeds op 59 monde wat daagliks gevoed en geklee moet word en die nood raak groter. Ons kombuiskaste is erg leeg en ek vra weereens dat u na die lysie hieronder sal kyk en al kan u net 1 blikkie of pakkie bydra kan dit 'n verskil maak. As 1000 mense elkeen net 1 blikkie of pakkie gee dan is my koskaste vol. Baie dankie.

Graag wil ek u nooi om besoek by ons te kom aflê sodat u self kan sien wat hier gebeur en waarmee ons besig is. Die kombuis is baie besig en die vroue woel en werskaf om alles skoon en netjies te hou. Bybellees en bybelstudie tye word alles net so gelos en luister almal met oorgawe na die Woord. Dis 'n kosbare ervaring en ek verruil dit vir niks anders in die wêreld nie. Soms huil ek saam met die groot hartseer en ander kere lag ons saam met die wonderlike dinge wat van ons mens maak.

Eljada Huis groete. Annatjie.

**_Bankbesonderhede_**
**Eljada Huis, Standard Bank, Montana,**
**Marketlink spaar, 044396058,**
**Bankkode 051001**

**_NOODROEP VANUIT DIE ELJADA HUIS!!!!_**

- **KOS – Blikkies vleis, vis, soja, koffie, tee(gewoon en rooibos), boksmelk, cremora of poeiermelk, margarien, konfyt, stroop, grondboontjiebotter, Bovril, hawermout, soppoeier, speserye, eiers, aanmaakkoeldrank, pasta.**
- **Toiletware – vadoeke, toiletpapier, tandepasta, tandeborsels, aanrol(vroue), spuitgoed(vroue), waspoeier en Sunlight seep.**
- **KOMBERSE, winterslaapklere, lessenaar tjies, rekenaars, ou selfone, kaste, rakke**
- **PLASTIESE SAKKE, botteltjies en plastiese bakke soos roomys en margarien.**
- **Ou gereedskap vir die mans.**